# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 2 April 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Ons vier Vrydag die belangrikste fees op die Christelike kalender naamlik Paasfees. Die Gesamentlike Paasfees erediensdiens vind Vrydag om 09:00 by GK Potchefstroom Die Bult plaas.

Ons gaan vandag (sg. Palmsondag) in die prediking fokus op die gebeure van die Sondag voor Paasvrydag. Hier is ‘n oorsig van die gebeure tydens die laaste lydingsweek van ons Here tot met sy opstanding:

Sondag: Triomfantlike intog in Jerusalem op die rug van ‘n donkie.
Maandag: Tempelreiniging en die vervloeking van die vyeboom.
Dinsdag: Strydgesprekke om die hart van Israel.
Woensdag: Rus in Betanië: Hy word gesalf, maar ook verraai.
Donderdag: Pasga word Nagmaal, Getsemané, in hegtenisneming.
Vrydag: Verhore en die kruis - dit is volbring!
Saterdag: Liggaam rus in die graf terwyl sy gees by sy Vader is.
Sondag: Hy het opgestaan! Die graf is leeg.

Die fokus van die Woordverkondiging val op twee aspekte van Jesus se intog in Jerusalem op die rug van ‘n donkievul. Die eerste wat duidelik word is dat Jesus Homself hier ondubbelsinnig openbaar as die beloofde Messias-Koning wat kom om vrede te bring! Alles hier dui op die getrouheid van God aan sy beloftes deur die eeue, soos dit in die Ou Testament geprofeer is! Vir die eerste keer aanvaar Jesus die lofsange van die mense vir Hom as Koning! Hulle lofsange bevestig God se waarheid: Jesus is die Messias-Koning! Sou hulle stilbly, sal die klippe Hom loof en prys!

**Tema: Die triomf van Koning Jesus se intog in Jerusalem - jubel jy saam oor Christus?**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Ps 110 - 3: 1, 3; Sb 1 - 6: 1, 3; Sb 4 - 6: 1

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied Ps 24 - 1: 1, 4, 5; Votum; Seën; Loflied Ps 118 - 1: 1, 13; Geloofsbelydenis: Sing Sb 12 - 3: 1, 2

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet uit Eks 20 - fokus op die Vierde gebod met HK Sondag 38; Sing Ps 2 - 1: 4, 6 (2 de Mel); Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Sagaria 9: 9 - 10 en
Lukas 19: 28 - 40
Teksverse: Lukas 19: 30 - 32
Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Bevestiging van ouderlinge en diaken; Sing Ps 134 - 1: 4; Slotsang
Sb 18 - 1: 1, 2; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

**18:00 AANDEREDIENS:** Ds Piet

Die tweede aspek van die intog is die feit dat hier eintlik 'n tragedie aan die afspeel is. Koning Jesus ry triomfantlik Jerusalem as Koning binne, die mense jubel en juig, maar die Koning huil. Hy huil oor die verlore toestand van hulle wat jubel! Dat hulle nie besef wat gebeur nie en dat as hulle hul nie bekeer nie, sal die klippe dit ook uitroep!
En tog gaan doen Hy wat Hy gekom het om te doen: om as Koning van die Jode (so staan dit op die bordjie op die kruis) te sterf sodat juis hulle gered kan word!

**Tema: Die tragedie van Koning Jesus se intog in Jerusalem - huil jy saam oor jouself?**

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied Sb 12 - 5: 1; Votum; Seën; Loflied Ps 118 - 2: 7 en 8; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Lukas 19: 28 - 44;
Teksvers: 41 - 44
Belydenis: HK Sondag 15 vr. 37
Sing: Sb 5 - 2: 3, 4 en 10 (Mel Ps. 18 eerste melodie); Woordverkondiging;

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Slotsang Sb 1 - 3: 1, 2 (Mel: Aurelia); Seën; Amenlied: Sb 13-1.

**ONS BID SAAM**

1 Thessalonisense 5:17:
"Bid sonder ophou"



Gebed om dankbaarheid
- Dank ons Vader dat ons met soveel vrymoedigheid as gelowiges ons geloof kan beoefen. Ons kan vrymoedig uitsien na die grootste wondergebeure wat ons met Paasfees herdenk – Christus se kruisdood en opstanding.
- Na afloop van die afgelope begrotingsvergadering kan ons God net dank. God gee in sy goedheid nie net gawes sodat ons as gemeente kan groei in geloofsvolwassenheid nie, maar ook stoflike middele wat die voortbestaan van ons bedieninge moontlik maak. Loof God vir sy goedheid.

Voorbidding
- 'n Gemeente van God mag nooit in geloofsvolwassenheid stagneer nie. Ons bid vir geestelike groei in ons gemeente se geloofsvolwassenheid in ons uitreik na mekaar en ook na buite.
- Ons hou aan bid vir die kerkraad en bid dat ons Here voorgangers sal stuur om dienswerk in sy gemeente met gewilligheid en ywer te verrig.

- Die Woord leer dat ons op prinse nie moet vertrou nie en ook nie op iets anders as ons Here nie. Bid dat ons en ander gelowiges op God sal vertrou vir Suid-Afrika se toekoms. Bid vir vertroue op God midde stygende inflasiekoerse, beurtkrag en onluste en wanbestuur. Bid in vertroue op God vir ons land se regeerders en vir kerke se getuienis na buite.
- Ons bid vir Mosambiek en Malawi wat deur die loop van Maart deur sikloon Freddy getref was. Honderde mense het gesterf en ander is dakloos gelaat. Groot dele van die lande het oorstroom en groot skade gely. Laat ons vir hierdie mense by ons Vader intree om uitkoms en vertroosting wat alleenlik by Hom te vind is ook op die regte tyd aan hulle te skenk.
- In ander lande word Christene op verskeie maniere vervolg soos verbale en fisiese mishandeling, marteling, tronkstraf, vernietiging van eiendomme en meer. Ons bid dat God hierdie broers en susters se geloof sal versterk en dat hulle sy nabyheid sal beleef. Mag ons God hulle versterk om te midde van aardse lyding die skat van die evangelie mag koester en dat ons saam met hulle sal besef dat ons hoop op Christus vir hierde lewe en die lewe hierna is.
- Ons hou aan bid vir die oorlog tussen Oekraïne en Rusland asook vir ander oorloggeteisterde gebiede in die wêreld. Mag God hul genadig wees.

## MEELEWING

- Jan en Marthie Schutte se kleinkind ervaar ernstige gesondheidsprobleme.
- Lihanke Lazenby, baba van Marinus en Leischa, is in Johannesburg in die hospitaal opgeneem vir behandeling. Gelukkig was ‘n operasie nog nie nodig nie want sy reageer goed op die behandeling.
- Annetjie Vermeulen het die afgelope week ‘n hele reeks mediese toetse moes ondergaan met die oog op haar kankerbehandeling.
- Andries du Plessis het die afgelope week met chemoterapie begin en ons bid dat dit goeie resultate sal oplewer.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Erika Rood, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en sap
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
18:00 Aanderediens

**Vrydag (Goeie Vrydag)**
09:00 Gesamentlike Paasfees-erediens:
GK Potchefstroom Die Bult

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die Emeritusfonds (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Kerkblad.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 8 en 9.

## DS PIET MET VERLOF

Ds Piet en Rieëtte is vanaf Donderdag tot volgende Woensdag uitstedig. Hy gaan 'n familietroue in die Kaap waarneem op Saterdag, 8 April.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 2 April**
Sr Yolandi Haasbroek

**Maandag, 3 April**
Br Sam Bezuidenhout*
Sr Michelle Kruger

**Woensdag, 5 April**
Jsr Grizelda J v Rensburg
Jsr Zandri J v Rensburg

**Vrydag, 7 April**
Br Douw Kruger *
Sr Engela vd Walt

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## OOSDOPPERFEES – Hierdie jaar 5 AUGUSTUS

Die Vleiskomitee het besluit om die Oosdopperfees se datum te skuif. Die jaar se Oosdopperfees sal DV op Saterdag 5 Augustus plaasvind. Vleiswerk sal die week vooraf geskied.



Teken asb nou reeds hierdie verandering op jou kalender aan!

## GKSA-NUUS

Beroep ontvang
Ds CB (Brahm) Robinson van GK Cachet na GK Hermanus.

Beroepe aanvaar
Ds AJ (Anton) Dednam van GK Bergsig na GK Rietvallei as medeleraar.

## KENNISGEWINGBORD

- Wanneer Jesus weer kom, waar sal ek wees? Boek geskryf deur Hans Malan. Beskikbaar by die Adminburo.

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!**





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS


Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Christelle Vorster en groep 2, Ria Roberts en groep 10, Marna Naudé en groep 19, asook Lana Laufs en groep 28.

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## BELYDENISAFLEGGING: 16 APRIL

Ons gemeente is so gelukkig om op Sondag 16 April, nege jong lidmate te hê wat Belydenis van hulle geloof doen. Ons wil nou reeds vra dat elke susters op daardie Sondag 'n bordjie eetgoed saam bring, sodat ons saam met hierdie jong lidmate en hul gesinne na die oggenddiens 'n koppie tee kan geniet.